

KOMMUNIKAMMA 6 SEPTEMBER 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Teks van die week:

Kolossense 2:6-7; *“Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.”*

Sake vir gebed:

- Bid vir Pierre Rootman, Giel Meyer en Ansie (die dogter van Fritz & Niekie van der Merwe, sendelinge in Mosambiek) wat gesondheidsprobleme ervaar.
- Loof die Here dat ons Sondag in die kerkgebou kan dienste bywoon; ons neem geen erediens as vanselfsprekend nie. Bid dat die Heilige Gees ons een sal hou soos wat ons op sosiale media en fisies in die kerkgebou saam aanbid.
- In ons metropool is verskeie gemeentes besig om te help om diegene wat honger ly te voed. Loof die Here dat verskeie kerkgenootskappe saamwerk om saam aankope te doen by groothandelaars en sodoende as kerk van die Here goeie pryse beding en ook ons eenheid in die Liggaam van Christus prakties demonstreer.
- Prys die Here vir die reën wat ons ontvang het. Bid dat Hy ook uitkoms sal gee in die opvangsgebiede van damme en ook in dele van ons land wat steeds onder knellende droogte gebuk gaan.
- Dra alle personeel van hospitale en bejaardesorgsentrums aan die Here op. Ons dank Hom dat hulle Sy hande en voete kan wees vir die mees weerloses in ons gemeenskap.
- Bid voortdurend vir ons president en sy leierskapspan. Dank God dat Sy lig besig is om te skyn op korrupsie en ander euwels wat Hom nie eer nie. Bid ook vir ons plaaslike munisipaliteit en dat die Here se guns oor die verkiesing van 'n nuwe burgemeester sal wees. Ons oë bly op God gerig!
- Dra elke persoon wat geraak is deur moord, geweld, misdaad en mishandeling aan die Here op. Hy is die Een wat ons gebrokenheid heel kan maak. Bid dat Hy geregtigheid sal laat geskied en dat oortreders 'n Damaskus-ervaring met Jesus sal hê en Hom sal begin volg.
- Bid vir elke matrikulant wat vanaf die 14de September, besig sal wees met die skryf van hulle rekordeksamen. Ons bid spesiaal vir ons gemeentekinders dat die Here hulle volharding en helderheid van verstand sal gee om dit wat hulle geleer het, te kan weergee.

Die matrikulante in ons gemeente is: Ina Botes, Melissa Hamilton, Jean-Mari Mulder, Jané Nel, Dylan Opperman, Liné Redpath, Linzi Scholtz, DeLeon Strydom, Chantené van Biljon, Carika van Heerden, Rhenoldu van Niekerk en Juan van Rooyen

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Dit is teen die wet om kinders onder die ouderdom van 18 enige godsdienstige lering in Tajikistan te gee. Bid asseblief vir wysheid vir gemeentes in hierdie verband, aangesien 50% van die kerk se lidmate in hierdie ouderdomsgleuf val.

GEBED VIR DIE MENSE VAN ONS LAND

Jesus, Heer van liefde en genade, ek bid vandag vir almal in hierdie land wat nie 'n huis het of lid van 'n gesin is nie: Hulle wat alleen woon in luuksewoonstelle óf “informele behuising”:
hulle wat in hotelle of B&B-akkommodasie bly; hulle wat selde buite hul kamertjie in 'n aftreeoord kom;
hulle wat bang is om dit saans ná donker buite te waag; hulle wie se bed 'n stukkende karton op straat is;
hulle wat vasgevang is in alkohol- of dwelmafhanglikheid; hulle wat as MIV/vigs-lyers deur die samelewing verstoot is.
Here, dink ook in genade aan al die eensames in ons land, van wie ek so selde onthou ...

Inspireer en bemagtig almal wat hulle probeer help:

dié in regeringskringe wat menslikheidswette en hulpskemas bedink;

vrywilligers wat geld insamel vir behoorlike behuising en vergoeding;

dokters, geestelikes, maatskaplike werkers, bure wat bereid is om te luister en op klein skaal te help;

die Heilsleër en ander evangelisasie-aksies wat die Goeie Nuus bring vir die geestelike én liggaamlike behoeftes van armes en eensames.

Wys vir ons as kerk van Jesus Christus wat ons daadwerklik kan doen om morele en fisieke armoede in ons land te help bestry.

Here, ons het ook u hulp dringend nodig vir goeie arbeidsverhoudinge in ons land.

Help tog almal wat informeel of professioneel probeer om die belange van werkgewers en -nemers met mekaar te vesoen;

wat probeer om gespanne verhoudinge tussen die bestuur en die werkers in sovele ondernemings te verbeter.

Help shop stewards en leiers van vakunies om hul mense met 'n oop en positiewe gesindheid te verteenwoordig.

Laat menslikehulpbronnbestuurders regverdig en eerlik onderhandel.

Mag die mense wat so gelukkig is om werk te hê met verantwoordelikheid en ywer hul plig doen.

Here, mag U Naam geheilig word dwarsdeur ons hele land.

Hoor my gebed, Here Jesus Christus, saam met die Vader en die Gees behoort aan U alle eer en majesteit hier op aarde soos in die hemel.

AMEN

Biskop Warren Walsh, Die Groot Gebedeboek

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU WORD HERVAT

Die kerkraad het besluit dat eredienste in September in die kerkgebou hervat word. Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons reeds alles in plek. Slegs 50 persone word per diens toegelaat en ons mag nie saamsing met die sangleiers nie. Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Indien jy een van die eredienste op 13 September in die kerkgebou wil bywoon, bespreek voor of op Woensdag 9 September jou plek by Niekie.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 6 September

EREDIENSTE

08:30 Eietydse Diens

10:00 Klassieke Diens

Die digitale eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Maandag 7 September

12: 45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die Moederskamer. Kontak asb met Niekie indien jy wil deel word en saambid.

Dinsdag 8 September

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly.

Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 26 Aug is reeds R 124 145.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by MG van Rooyen (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 9 September

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 11 September

MANNEGROEP

05:00 by Elandre Bosch (Lilylaan 68). Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Whatsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

VGK SA Cala

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zeldia Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

6 September	Damian Cox
7 September	Jalise Malan, Corrie van Huyssteen en Mariet Vermaak
8 September	Cara-Mari Botha, Schalk Burger, Werner Grobler, Norah Heunis, Tania Jordaan, Retha Lane, Livia van Niekerk en Charlotte Vermaak
9 September	Eduard Adendorff, Abigail Appelgryn, Konrad Buchner, Cronjé de Vin en Annatjie Vivier
10 September	Franze Saporta, Christo van Rooyen en Marius Visagie
11 September	Johan Barkhuizen, Joan Crous, Chimene Landman, Emily Noble, Estelle van den Berg, Pieter van Heerden
12 September	Bertie Moore en Saret van Huyssteen



DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



DANKOFFER en TIENDEMAAND DANKOFFER

Die eerste 6 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Ons herriner u daaraan dat Oktober ons tiendemaand dankoffer maand is en doen 'n beroep op u om biddend te oorweeg om 'n ekstra dankoffer bydrae te maak.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentedelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentedelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weklíks uitgestuur op die Whatsapp gemeentegroep.